CIVIC ACTION TEAMS

South Africa Coronavirus
CivActs Campaign


Uitgawe #14
22.05.2020

Ons gemeenskappe en die internet is vol informasie, maar verkeerde inligting is 'n groot risiko vir ons almal! Die Coronavirus CivActs Campaign (CCC) is daarop gemik om vrae te beantwoord deur maklike, akkurate informasie beskikbaar te stel voordat gerugte skade veroorsaak.

## HOE OM DIE WVF-EISE TE BENADER

Baie maatskappye sukkel tans om vir hul werknemers toegang tot die spesiale COVID-19 WVF betalings te kry. Sommige werknemers ontvang betalings, terwyl buitelandse werkers nie tans uitbetalings ontvang nie. Werknemers wie op verlof geplaas is, tydelik afgelê is, of wie se werkgewers nie hul volle salarisse kan betaal nie is geregtig op die spesiale WVF-uitbetalings wat daarop gemik is om tydelike verligting te bring. Werknemers kan ‘n maksimum van R6,730 per maand kry (indien hul meer as R17,700 verdien) en die minimum uitbetaling is R3,500. Die gemiddelde uitbetaling is tans R5,000. In vandag se bulletin ondersoek ons stappe wat die uitbetalingsstelsel makliker kan maak.





Tot dusver het die WVF R9.5 miljard aan spesiale COVID-19 uitbetalings aan sowat 1.9 miljoen werkers spandeer. Daar is egter steeds R2.2 miljard wat uitbetaal moet word op grond van navrae wat die fonds tans verwerk.



# VRAE EN ANTWOORDE

Watter tipe verligtingsvoordele is daar?

Die COVID-19 tydelike werkgewer/werknemerverligtingskema (TERS) maak finansiële ondersteuning aan werkers wie hul inkomste agv inperking verloor het beskikbaar. Enige WVF-geregistreerde besigheid wat nie salarisse kan bekostig nie, kan namens hul geregistreerde werknemers aansoek doen by https://uifecgc.labour.gov.za/covid19/.

Daar is kommer dat slegs sekere werkgewers uitbetalings deur die skema ontvang het. Wat is die rede?

Daar is soms vertragings a.g.v teenstrydighede of onvoldoende ingligting in aansoeke, wat daartoe lei daar werkgewers vir meer inligting gevra word. Hierdie faktore veroorsaak struikelblokke:

- Aansoeke namens ongeregistreerde werkers
- Foutiewe bankbesonderhede
- Onvolledige inligting t.o.v. werknemers
- Werkgewers wie nie maandeliks hul werkers aan die WVF verklaar het nie. Skakel 0800 030 007 met navrae.

Wat beteken dit vir buitelandse burgers wie wettiglik in diens geneem is?

Buitelandse burgers ondervind tans vertragings omdat die Departement van Arbeid se stelsel nie paspoortnommers kan verwerk nie, en omdat baie buitelandse burgers nie deur hul werkgewers verklaar is nie. Die department werk tans met SARS om uitbetalings aan buitelandse burgers so vinnig as moontlik te verwerk.

Hoe kan mens klagtes aanmeld of navraag doen?

Die inbelsentrum ontvang daagliks 70 000 oproepe en dit veroorsaak lang wagtyd. Vyfhonderd nuwe inbelsentrumagente is aangestel en die departement raai die publiek aan hul deur @UIFBenefits op Twitter en @UIFZa op Facebook te kontak. Hier is 'n lys van provinsiale kontakpunte: http://www.labour.gov.za/department-of-employment-and-labour-provides-uif-contact-details-for-ordinary-unemployment-benefits

Source: SA Dept of Labour